


# TOULEIER

Hallo julle,
Ek kry nou die dag 'n heerlike verassing vanuit Nieu Seeland! Toontjies het weer 'n slag vir my geskryf! Die veteraan Kammanuus lesers sal dalk nog onthou hoe ons in die begin in kletskamers mekaar ontmoet het en stories uitgeruil het oor waar en hoekom uitgewekenes van Duskantland, op spesifieke plekke in Anderkantland op geëindig het.
Party (meeste) het gebly terwyl ek en kamermaatjie van die paar was wat net gaan werk het en weer teruggekom het omdat ons nooit eintlik beplan het om oorsee te vestig nie. Behalwe vir Suid Amerika en veral Chillie waar die versoeking nogal groot was. Die plan was maar altyd om terug te keer vanaf Anderkantland om hier te kom aftree.
Maar ek dwaal af, Alida was een van die dierbare siele wat ek so ontmoet het. Via die kletskamers, daar waar ons ons in Afrikaans ons lot bekla het of gestry het met die wat nie verstaan het nie. Ek dink sy was agter die liefde aan Nieu Seeland toe as ek dit reg onthou.
Ons klomp het meestal per e-pos gekommunikeer en daar by was ook foto's van die plekke waar ons gewoon en gewerk het. Alida was toe nog 'n rooikop (seker vandag nog) en op een van haar foto's waar sy ook 'n donkerbril opgehad het, het haar tone die grootste deel van die foto beslaan. Vandaar die naam *Toontjies* wat ek haar van toe af mee gegroet het.

Anita Redgard b.b.a. T*oontjies*, aan die woord:

"Ek self het onlangs gebrainstorm (skies dat ek my tales so mix hê hê) - kan seker suiwer Afrikaans besig met baie moeite maar ag wat...casual is my persoonlikheid...en ek wil nie 'n boek verkoop nie....so ek kan seker maar met die mengelmoeskardoestaal van my wegkom lol. Ek gaan begin line dancing aanbied. Ek vat nou al vir so 2 jaar klasse by 'n omie van 78 wat dit vir ons aanbied (ja jy lees reg). Sommer so vir oumensies. Hy het egter nou onlangs besluit hy wil nie meer daarmee voortgaan nie en gevra of ek sal belangstel om oor te neem. Ek het voorheen ook al vir hom ingestaan as

hy olik is of een of ander skeet onder lede het.
Natuurlik het ek ingestem.
Toe sit dit nou my kop aan die dink en kom ek op die idee om tradisionele line dancing (Achy Breaky Heart en dies meer) aan te bied op meer upbeat musiek. Dit sal nou wees 80's, 90's en remixes. My biskit wil net skud as ek ritmiese musiek hoor. Baie lief vir dans. My teikengroep is die 40/50 jariges. Die naam wat ek gekies het is NEON Line Dancing. Ek gaan fluorescent bykomstighede en 'n black light gebruik om die atmosfeer te skep. Julle kan hier gaan kyk na my flyer : https://neonlinedancing.nz/ - Ek kry nou nie die skakel haak en plak dat dit blou vertoon en julle net daarop kan gaan kliek nie – haak hom sokker reguit na jou browser toe.



Ek het mos besluit ek is nou op vroeë pensioen....en ek geniet dit terdeë. Het mos nie kind of kraai nie, huis klaar afbetaal so vir wie en vir wat wil ek myself nog afsloof en stres met kantoorpolitiek. Maandae speel ek Canasta, Dinsdae doen ek die line dancing vir die oumensies, Woensdae speel ek pool. Donderdae gaan ek nou my eie line dancing aanbied en Vrydae speel ek Mahjong Eish daai Mahjong laat die rook uit mens se ore trek soos mens moet dink. Ek is 'n nuweling op die gebied....sal seker later makliker raak...maar ek geniet dit baie.

Het ook nou die tyd om elke dag strand toe te gaan. Hou mos van tan (bruin selluliet lyk mos beter as wit selluliet lol). Het 2 pool noodles gekoop en wat is nou lekkerder as om in die kalm water te gaan ronddobber met 'n Cider in my hand. Daar is nie juis golwe nie weens al die eilande aan ons Ooskus. Dis nou net in die somer natuurlik....wat maar aan die kort kant is hier in NZ. Die weer het alreeds gedraai....al skyn die son is daar dikwels 'n koel briesie wat waai.




In daai opsig bly ek maar 'n kind van Afrika, hou meer van uitbraai as van koud kry.
Alida.

# Orgaanstaking.

"Vriende, ek het hierdie vergadering aangevra omdat ek erg beswaard is oor my toestand. Voel julle regtig gesond?" vra longe en 'n hewige hoesbui oorval hom.

"Dis sommer twak" hyg hy skoon uit asem. "Daar moet iets aan gedoen word voordat ek versmoor"



"Wel, ek voel bloedig oorwerk en afgemat" kla Lewer tranerig.

"Probeer jy nou voorgee dat jy harder werk as enige een van ons, ou lewerkoekie?" vra Anus ewe windmakerig. "Moenie altyd 'n gat van jouself maak nie, hoor? Ek het maar net …"

"Sal julle twee asseblief ophou? Longe het 'n baie goeie punt beet. Ek het ook begin olik voel. Ek dink ek het stene." sê Niere.

"Nou wat gaan ons omtrent die saak doen" vra Longe hygend.

"Ek reken ons moet 'n boodskap stuur dat ons diep ongelukkig is met die situasie" sê Senuwees agtig.

"Wel, ek het al gewys ek kan nie meer 'n bars kyk nie" sê Oë bloedbelope.

"Ek hoor wat julle sê" spits Ore, "maar ek het al probeer toeslaan, maar dan word daar 'n skerp ding in my gedruk wat my dromme sommer wil laat bars."

"Ek wil dit nie nou in julle sake druk nie, maar julle sal meer drasties moet optree" snuif Neus loperig.
Spiere verstyf. "Kom ons stig 'n vakbond," sê hulle gespanne.

"Ek dink …" sê Brein peinsend.

"Hoe vreeslik verblydend. Dis presies wat jy veronderstel is om te doen O WYSE EEN" prewel Anus.

"Sjoe, maar jy het 'n ernstige geval van halitose" sê Brein nadenkend. "Maar ek dink ons moet 'n staking reël, wat dink julle?"

Maag herkou aan die idee. "Ek reken dis 'n baie goeie plan. Die gemors wat deesdae na my kant toe kom gee my behoorlik 'n kramp," sweer hy.

"Moenie met 'n maag vol kos praat nie," sê Tong in die kies.

"Wel, ek moet erken dat ek soms so moedeloos is dat ek tot in my skoene sak" sug Hart gebroke.

"Ek voel ook bitter," lewer Gal 'n bydrae.

"Ek stem vir 'n staking. Ons gesondheid is baie belangrik. Ons moet nie 'n steen onaangeroerd laat nie!" skreeu Niere, amper stuiperig.

"Ek stem. Staking" lewer Lewer kommentaar.

Anus trek op 'n plooi. "Ek sal ook knyp".

Bek is nie op hom geval nie. "Sluit my in!!" skreeu hy vol tande.
"Gee hom jêm!"

"Hoor hoor!" roep Ore.

"Staking, staking!" skreeu Longe uit. "En jy, Hart?"

Hart bly 'n rukkie stil. "Nee, ek sal nie staak nie" sê hy dan.

Longe slaan plat.
Niere versteen.
Gal braak.
Lewer bloos bloedrooi.
Maag kry 'n kramp.
Anus kry 'n hol gevoel en Keel kry 'n knop.
Brein kry onmiddellik kopseer. "Hoekom nie?" vra hy.
"Want as ek staak, gaan julle almal dood" sê Hart stogtelik.





# Dié Maand se Giggels






Frank Duckworth wat die Duckworth-Lewis telling-sisteem in krieket ingestel het, is oorlede op 84-jarige ouderdom. (of 29 as jy sy sisteem gebruik)

Hulle verwag 500 begrafnisgangers. Of 389 as dit gaan reën.




GEEN SEKS NA OPERASIE

Die antie in die VSA het die hospitaal wat haar man opereer het, gedagvaar omdat hy na die operasie alle belang in seks verloor het. Die operasie het 'n verklaring uitgereik dat hulle slegs sy katarakte verwyder het en sodoende sy sig herstel het








# DIE 1940– 1960 MODELLE

Daar sal nooit weer 'n generasie soos ons as 1940/60-modelle wees nie. Ons was die eerstes wat met turbo's uitgekom het.

Ons het ge-shuffle, gewals, ge-twist, ge-boogie en ge-rock. Ons was Nattes of Sappe; Ford- of Chev-manne. Ons het rowwe klubrugby gespeel en Sondae die kerkbanke (met knoffel-en wynasems) volgesit. Ons het LM-radio geluister en Top 20. Ons het smal en breë dasse sien kom en gaan. So ook safaripakke en pantyhose. Dieselfde met bellbottoms en skinny jeans. _Droopy snorre en sidies_ is deur ons vervolmaak. In ons tyd is draadlose eers met "tape decks" vervang en later met beeldradio. Kompers is gebore. En telefone sonder drade. Ons het gesien hoe vrouens se minirokke in broeke verander. Ons het mekaar gemoer, nie geskiet nie. Ons het nog Ma's gehad wat regte ma-goeters gedoen en gemaak het. Ons het met oopvisiere leer skiet. En het Ruiter in Swart gelees. Ons haal nog hoede af as ons eet of water drink.

Ons het padkaarte gebruik en in *'drive-inns'* gaan vry. Om af te koel het ons daarna gaan roomys eet by die r*oadhouse*. Ons is as skoolseuns opgeroep weermag toe. Ons het oorlog gemaak. Ons het die Vlaglied en die Stem gesing. Ons het 'n era van opbou; afbreek; liefde; haat, hoop & wanhoop gesien.


Ons was nie 'n bang generasie nie. Nie toe nie, ook nie nou nie; nooit nie!

Saluut






# BESOEK AAN DIE TANDARTS



Die storie van Facebook af gekry onder - ***Kalahari Kinders is K'naba Kna!***

In my laerskooldae het tandartsbesoeke aan marteling gegrens. Die tandartse wat Joubertina besoek het, het naalde gehad wat gelyk het soos 'n 10mm hosepyp wat skuins afgesny is. Dan het daar nog 'n traan gif aan sy oog gehang ook as hulle so aankom na die martelstoel. Hulle het jou gespuit dat jou ore doodgaan en soms het dit gevoel of selfs jou soldaat en sy twee handgranate skadeloos gestel is, maar die boorgat het springlewendig gebly.

Met 'n abses aan my voortand beland ek toe weer by 'n martelarts. Eers trek hy sulke ginekoloog-tipe plêstiek handskoentjies aan. Dan verstel hy die stoel horisontaal tot ek die engel Gabriël van onder sy kleed kan sien. Met sy ander hand trek hy so 'n dowwe geel lig af. Op daardie stadium laat dit my aan Pa se ou Zephyr dink, maar sy ligte het darem helderder geword as Pa vet gegee het.

Toe trek hy my reeds geswelde bolip met sy duim en wysvinger oor my neus dat ek lyk soos Pa se Jerseybul as hy aan 'n gewillige vers se skerpkant ruik. Hy maak so 'n kommerwekkende keelgeluid en voor hy uit sig verdwyn sê hy: "Dit lyk nie goed nie."

Op daardie stadium lê en kyk jy maar na die stofstrepe op die Zephyr-lig, terwyl jy hoor hoe hy in sy toolbox krap. Daar is nie met jou gekommunikeer nie, so jy weet nie of hy 'n vicegrip of 'n bonsai waterpomptangetjie gaan haal het nie.

Dan kom hy aan met 'n naald wat lyk soos Ouma Jaatjie se breipen as sy besemstokhekel doen. Hy druk daai ding van onder my bolip, parallel langs my neus op, deur my sinusholtes en spuit my een oogkas dat ek vandag nog lyk of ek Bell se verlamming het as ek smile.

Toe my hele kop dood is, vat hy 'n cheap Ryobi hamerboortjie en boor my voortand se agterkant oop dat dit ruik of die spreekkamer aan die brand is. Intussen is my hele mond vol splinters. Die nurse gee my darem 'n gobletjie met goed wat lyk soos anti-freeze om my mond te spoel en gelukkig ook 'n tregtertjie om in te spoeg.

"Nou gaan ons die besigheid dreineer," sê hy.

Eers druk hy sy duim in my oogkas en dan skuif hy hom al langs my neus af. Die goed wat in my mond beland smaak soos vrot bies wat met aalwyn gemeng is. Ek spoeg, spoel en wil-wil braak, maar die tregter is te klein.

Net toe ek dink alles is nou reg, start hy 'n klein Briggs & Stratton pompie en druk die suigpyp ook langs my neus op. Daai ding suig dat jou oë omdraai in jou kop en jou gedagtes lees.

Uiteindelik plak hy die gate met "temporary tile cement" toe, want die boorgat moet nou gereeld skoongemaak word voor hy finaal toemaak.

Pa gebruik sy laaste kontant om die rekening te betaal en uiteindelik spring ons in die kar terug plaas toe.

Toe ons by Tannie Lotsie se Modewinkel verbyry vra ek Pa om te stop.

"Is jy naar?" vra Ma.

Toe seg ek: "Nee Ma. Ek wil hoor of ek nie 'n skoon onderbroek op appro by Tannie Lotsie kan kry nie."

©jdws



# Zonderwater



*Stukkies onthou van 'n vroulike bewaarder*

Van hoë mense op lae plekke gepraat.

Naby Pretoria was daar destyds ‘n fasiliteit te Zonderwater:-

Nie net vir wyndrinkers nie, maar veral diegene wat “sonder water’ hulle drankies, geniet en geniet en geniet het.
As kind is die toesighouer al gekonfronteer met ‘n dronke se onkuise gedrag. Dit was dus nie so ‘n skok toe die vroue, sommiges hooggeplaastes se eggenotes. “onkuis’ opgetree het nie. Vir hierdie soort afwyking is daar net een medisyne: werk.

“…maar ons het altyd ‘n kok gehad, hoe kan julle my vra om te kook? “

Nouja, as Mevrou dan nie kan kook nie, moes sy minstens die kok help. Op die manier het sy gou geleer hoe om (sonder speserye – “hier is net sout en peper”) te kook.

Gedurende W.O.2 is Italiaanse krygsgevangenes hier aangehou.

Dit is later in ‘n tronk omskep.

Hier kom ook nog stories uit. Die sielkundige, met ‘n hoë rang as amptenaar van die gevangenisdiens, is sonder die gewone opleiding en insig oor hoe teenoor ander lede van die diens opgetree moet word aangestel. ‘n Voorbeeld is om slegs te salueer as hy self ‘n hoed op het en andersins net strek.

So gebeur dit toe dat hy ‘n amptenaar teëkom en salueer sonder ‘n hoed. Sy kop is glo behoorlik hieroor gewas.

Die persoon was self baie streng en die gevangenes was versigtig vir hom. Mens hoor net iemand slof-slof by die gang af tot by die sielkundige se kantoor, dan skielik, loop hy flink.

Hulle het selfs bonatuurlike magte aan hom toegeskryf bv. om die reën te reguleer sodat dit net na werksure reën. Op hierdie manier sou hulle nooit afkry op reëndae nie. Hy het ook nie gehuiwer om almal twee naweke se besoeke op te skort oor een gevangene wat sy pas geverfde mure bemors het nie. Dit het gewerk en die skuldige het erken.

Liggaamshouding het veel te doen oor hoe die gevangene die bewaarder as streng interpreteer. Aan diens loop jy regop en stap met ‘n stewige tred. By die huis is jy weer vrou en moeder en kan jy maar ontspan

# JY KAN…MAAR JY MOENIE!

**(Veral vir mense bo 65!)**

Jy kan op ’n hoë, wankelrige leer klim … maar jy moenie.

Jy kan ’n storie begin met “In MY dae” … maar jy moenie.

Jy kan (modieuse) geskeurde jeans dra … maar jy moenie.

Jy kan op jou hurke sit en vinnig opstaan … maar jy moenie.

Jy kan loshande op die huis se dak rondloop … maar jy moenie.

Jy kan oor ’n redelike groot plas water spring … maar jy moenie.

Jy kan jou 3-jarige kleinkind probeer inhardloop … maar jy moenie.

Jy kan jou broek sommer so in die loop aantrek … maar jy moenie.

Jy kan ’n styfpassende help-my-beter-lyk-T-hemp dra … maar jy moenie.

Jy kan met jou hande in jou sakke by ’n trap afhardloop … maar jy moenie.

Jy kan by die badkamer in die winkelsentrum verbyloop … maar jy moenie.

Jy kan die week se kruideniersware op een slag uit die kar dra … maar jy moenie.

Jy kan probeer om die spyskaart te lees sonder jou leesbril … maar jy moenie.

Jy kan met jou hande in jou sakke by ’n trap afhardloop … maar jy moenie.

Jy kan by die badkamer in die winkelsentrum verbyloop … maar jy moenie.

Jy kan die week se kruideniersware op een slag uit die kar dra … maar jy moenie.

Jy kan probeer om die spyskaart te lees sonder jou leesbril … maar jy moenie.

Jy kan kliphard kommentaar lewer op mense se voorkoms … maar jy moenie.

Jy kan altyd die hele rekening betaal as die familie gaan uiteet … maar jy moenie.



# NOG N PAAR GIGGELS



**VROUELOGIKA OP SY BESTE!**

**Man, vroegoggend:** *"Wil jy nie saam met my gaan draf nie skat?"*
**Vrou, moerig:** *"Wil jy sê ek is vet?"*
**Man:** *"Nee, maar dis goed vir jou gesondheid!"*
**Vrou:** *"So, nou is ek ook sieklik?"*
**Man, verboureerd:** *"Jy verstaan my verkeerd, skat, dis nie wat ek bedoel nie!"*
**Vrou, nou erg omgekrap:** *"So, ek's onnosel en ongeletterd, wat niks verstaan nie?"*
**Man, desperaat:** *"Dis nie wat ek gesê het nie, skat"*
**Vrou:** *"Wil jy vir my sê, ek lieg?"*
**Man, sugtend:** *"Geniet maar jou slapie, skat, ek gaan alleen draf!"*
**Vrou:** *"Ja - tipies, jy doen mos alles alleen, de hel met my..!"* 14:14





**Twee boere loop deur 'n veld.**
**Een van hulle hurk en druk sy vinger in 'n bol beesmis. Daarna smeer hy dit oor sy lippe.**
**Haai, hoekom doen jy dit ou?" vra die tweede boer verbaas.**
**"Ek het gebarste lippe," antwoord hy terug. "So, help dit daarvoor? Vra die tweede boer weer.**
**"Nee, maar dit keer dat ek my lippe aflek"**



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd

# Leë Dose

Jy hoef nie 'n ingenieur te wees om dié storie te waardeer nie...

ŉ Tandepastafabriek het ŉ probleem ondervind. Soms het hulle leë houers, sonder die buis tandepasta in, versend weens ŉ fout tussen die vervaardiging- & verpakkingsproses. Dit het die betroubaarheid van die maatskappy in gedrang gebring en verhoudings met beide kopers en verspreiders bietjie begin versuur. Wetende dat dit 'n belangrike aspek van die besigheid was om beide partye gelukkig te hou, het die groot kokkedoor die slimkoppe by mekaar gekry en hulle het 'n dinkskrum gevorm om 'n oplossing te probeer kry.
Hulle besluit toe om ŉ onafhanklike ingenieursmaatskappy te betrek om die probleem met die leë houers te takel. Die projek het die gewone paadjie gevolg: begroting en projek borg toegeken en derde-partye gekies. Ses maande en R8-miljoen later het hulle die oplossing, als binne die berekende tyd, binne begroting en van hoë standaard.
Die probleem was opgelos deur ŉ baie gesofistikeerde skaal te koppel aan ŉ alarm wat afgaan en ligte wat flits om aan te dui wanneer ŉ tandepasta houer te min weeg. Die produksielyn word dan onmiddellik tot stilstand gebring, iemand stap na die betrokke houer, verwyder dit, en druk die knoppie om die produksielyn weer aan te skakel.
Die uiteinde van die nuwe proses was dat daar geen verdere leë houers uitgestuur was vanaf die fabriek nie. Met geen verdere verbruikersklagtes nie, het die grootkokkedoor besluit die R8-miljoen was elke sent werd.

Aan die einde van die eerste maand het hy die produksielyn se statistieke verslag gefynkam en die nommer van leë houers deur die skaal opgepik het ooreengestem met die verwagte vooruitskattings.
Toe kom daar skielik ŉ verandering. Vir 3 weke was die leë houers wat van die belt af moes kom, ŉ ronde nul.
Die geskatte getalle moes toe al reeds ŉ hele paar dosyn houers per dag bereik het. Die ingenieurs het die toerusting nagegaan en bevestig dat die verslag wel akkuraat was. Heel verbaas ry die baas toe na die fabriek, bekyk die gedeelte van die produksielyn waar die skaal in werking gestel is en sien net voor die R8-miljoen skaalsisteem, is ŉ R800 lessenaarwaaier wat al die leë houers eenvoudig van die produksielyn afblaas binne-in ŉ vullisdrom.
Hy vra die toesighouer oor die waaier en wat dit behels.
“O, dit!” sê die toesighouer. “Kosie, die knaap van instandhouding, het dit daar gesit, want hy’t gatvol geraak vir die op-en-af-stappery om die leë houers te gaan verwyder en dan weer die produksielyn aan te skakel elke keer as die verdomde alarm afgaan!”

**FLUIT FLUIT**